SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2018

# GESKIEDENIS V2
# ADDENDUM

*IHISTA4*

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE WAS AFRIKANER-NASIONALISME IN SUID-AFRIKA GEVESTIG TUSSEN 1910 EN 1948?

### BRON 1A

Hierdie bron verduidelik die Afrikaners se besorgdheid ten opsigte van hul taal.

Ná 1910 het baie Afrikaanssprekende mense na stedelike sentrums getrek. Daar het hulle al hoe meer Engels gepraat en meer geangliseerd geword. Dit het ŉ vrees laat onstaan dat die Afrikaanse taal tot niet sou gaan.

Die leiers van die Afrikaanssprekende gemeenskap was bevrees dat hierdie vinnige en wydverspreide verstedeliking Anglisisme van die hele Afrikaanssprekende wit bevolking sou meebring. Individue het saamgestaan om vrywillige verenigings in Transvaal, Vrystaat en Kaap te vorm ter beywering van die amptelike erkenning van Afrikaans.

Toegewyde leiers van hierdie taalbeweging was meestal gevind onder die jonger generasie Nederlandse Gereformeerde geestelikes, joernaliste en studente. Hierdie taal-entoesiaste het probeer om hul huistaal te behou, maar selfs meer, hulle was desperaat bekommerd oor die oorlewing van Afrikanerdom.

[Vanuit *The rise of Afrikanerdom: Power, Apartheid and the Afrikaner Civil Religion*]

### BRON 1B

Hierdie bron verduidelik hoe die Afrikaners druk op die Nasionale Party toegepas het om ŉ beleid vir die oplossing van rasseverhoudinge in Suid-Afrika te formaliseer.

Afrikaners was baie bekommerd oor die toestand van rasseverhoudinge. Byna almal het geglo dat die staat meer moes doen om wit oppergesag en die suiwerheid van die wit ras te handhaaf. Hulle het verskil oor hoe dit gedoen moes word. Boere en sakemanne wou onbelemmerde toegang tot Swart-arbeid hê, gekombineer met streng staatsbeheer oor die toekenning en dissipline daarvan. Afrikanerwerkers wou daarenteen groter beskerming teen Swart-kompetisie hê – ŉ houding wat geharmoniseer is met die idees van intellektuele wat ŉ bloudruk vir ŉ volledige ekonomiese en politieke segregasie wou ontwikkel.

[Vanuit *Making History Grade 11* deur R. Deftereos et al bl. 228]

**BRON 1C**

Hierdie bron beskryf die nuwe ekonomiese magte onder die Afrikaners in 1939.

Hierdie groep het erken dat in die era van finansieringskapitalisme en in ŉ land soos Suid-Afrika, waar die ekonomiese lewe so oorheers word deur ŉ paar finansiële toelaes, die ontwikkeling van die onafhanklike klein en medium ondernemings onderhewig was aan ernstige beperkings. Dus, het die enigste manier tot werklike ekonomiese mag en ŉ aandeel in die super-winste van die monopolie, gelê in die koördinering van die beperkte hulpbronne van die Afrikaner-kapitalistieseklas as ŉ geheel. So ŉ koördinasie van ekonomiese hulpbronne is deur die Reddingsdaadbond in ŉ kritieke stadium in die historiese ontwikkeling van Afrikaner-kapitalisme verskaf. Onvermydelik, die graad van ekonomiese sentralisering wat betrokke was by hierdie beleid het gelei tot die konsentrasie van die ekonomiese mag in baie min hande. Die verwerfing van ekonomiese hulpbronne het geweldige mag aan die klein minderheid gegee wat effektief in beheer van hierdie hulpbronne was.

Die verspreiding van die chauvinistiese (nougesinde) propaganda van Afrikaner-nasionalisme sou na verwagting ŉ toenemende aantal Afrikaners aanlok om hul spaar- en surpluskapitaal met Afrikaanse finansiële instellings te belê, om polisse by Afrikaanse versekeringsmaatskappye uit te neem, om hul huise deur Afrikaanse bouvereniging te bou en om hul inkopies by Afrikaanse winkels te doen.

[Vanuit: www.sahistory online.co.za. Toegang op 05 April verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1D**

Hierdie foto wys die stigterslede van die Broederbond.



**Die stigter van die Broederbond, Hennings Kloppers (sit, tweede van links) en ander lede van die stigterslid van die Afrikaner Broederbond, 1918.**

[Vanuit *Viva History* deur C Dugmore, EA Horner, S Maggs en R McLeod]

## VRAAG 2: HOE HET DIE SESDAAGSE OORLOG VAN 1967 TOT DIE SPANNING IN DIE MIDDE-OOSTE BYGEDRA?

### BRON 2A

Hierdie bron fokus op die oorsake van die oorlog tussen Israel en sy buurstate.

Die Verenigde Nasies was nie in staat om die vrede vir ʼn lang tydperk te handhaaf nie. Elf jaar na die Suez-oorlog het ʼn ander oorlog uitgebreek. Israel het voortgegaan met die opbou van sy gewapende magte deur die aankoop van voorraad vanaf Brittanje, Frankryk, die VSA en Wes-Duitsland. Die Arabiese state was deur die USSR voorsien.

Ten spyte van die teenwoordigheid van die Verenigde Nasies het grensskermutselings voortgegaan tussen die Israeli's en die Palestynse guerrilla groepe. Groepe soos Fatah en die Palestynse Bevrydingsorganisasie was ʼn voortdurende probleem vir die Israeliese veiligheidsmagte en diegene wat in nedersettings naby die grense gewoon het.

Teen 1967 het Nasser gevoel dat die Arabiese magte sterk genoeg was om Israel te verslaan. In Mei het Nasser die VN-magte beveel om uit Egipte te onttrek en hy het die Golf van Aqaba na Israel gesluit en die hawe van Eilat geblokkeer. Daar was ook troepe sametrekking naby Israel se grense met Libanon, Sirië en Jordanië (wie se magte aangevul is deur Irakse, Saoedi-Arabiese en Algerynse troepe).

[Vanuit *The Arab-Israeli Conflict* deur T Rea and J Wright]

### BRON 2B

Hierdie uittreksel fokus op die oorsake van die Sesdaagse Oorlog van 1967 in die Midde-Ooste.


Israel se inval in die Sinai in 1956 was die tweede groot konflik tussen die Arabiere en Israeli's. Die derde het in 1967 plaasgevind en staan as die Sesdaagse Oorlog bekend. Soos in 1956 het die inisiatief weereens vanaf Israel gekom, maar soos in 1956 het Israel weereens gevrees dat indien hulle nie eerste sou aanval nie, hulle die voordeel sou verloor. Gebeurtenisse gedurende die vroeë maande van 1967 het daarop gedui dat die Arabiese state gereed gemaak het vir ʼn groot aanval. Siriese magte het hul bombardering van Israeliese nedersettings op die Golan-Hoogtes verhoog. Nasser het troepe na die grens van Sinai opgeskuif en gevra dat die VN sy vredesmagte vanaf beide die Sinai en die Gazastrook verwyder. Soos in 1956, was die Israeliese skeepsvervoer in die Golf van Aqaba belemmer.

Israel se reaksie, georganiseer deur sy nuwe minister van verdediging, Moshe Dayan, was ʼn reeks blitsaanvalle op al sy vyande. Arabiese vliegvelde is vernietig. Israelse magte het gelyktydig opgemars teen Egipte, Jordanië en Sirië. Die Egiptenare was reguit oor die Sinai-woestyn tot by die oostelike oewer van die Suez-kanaal verdryf. Jordanië het die westelike oewer van die Jordaanrivier verloor. Sirië was uit die Golan-Hoogtes verdryf. Verstrooi deur die oorweldigende meerderwaardigheid van die Israeliese magte, het al drie lande ingestem op ʼn skietstaking binne ses dae na die oorspronklike Israeliese aanval.

[Uit: *N Tate, People and Events in the Modern World*]

**BRON 2C**

Hierdie bron beeld Egiptiese gevangenes en Israeliese soldate in die Sinai uit tydens die Sesdaagse Oorlog in Junie 1967.



[Vanuit *Fondation Gilles CARON/Gamma-Rapho via Getty Images*]

**BRON 2D**

Die is ŉ uittreksel vanuit Resolusie 242 van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies, op 22 November 1967.

Na aanleiding van die Sesdaagse oorlog van Junie '67, was die situasie van die Midde-Ooste bespreek deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies, wat die saak na die Veiligheidsraad verwys het. Na ŉ lang bespreking was ŉ finale konsep vir ŉ resolusie van die Veiligheidsraad deur die Britse ambassadeur Lord Caradon, op 22 November 1967 aangebied. Dit was op dieselfde dag aanvaar.

Resolusie 242 vestig drie beginsels oor die territoriale aspek van die vredesproses:

1) Israel kan die gebiede beset en administreer wat dit gedurende die Sesdaagse Oorlog beset het totdat die Arabiere vrede maak
2) Wanneer vredesooreenkomste bereik word, moet hulle 'veilige en erkende grense' uitbeeld waaraan Israel sou onttrek
3) Die grense kan verskil van die wapenstilstand-grense van 1949.
4) Daarbenewens het dit ŉ beroep op Israel gedoen om te kyk na ŉ regverdige oplossing van die 'vlugtelingprobleem'.

[Vanuit: *http://www.sixdaywar.org/comtent/242drafters.asp*. Toegang op 5 April 2018 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3: HOE HET DIE BANTOE-ONDERWYSWET VAN 1953 DIE LEWENS VAN SWART STUDENTE IN SUID-AFRIKA IN DIE 1950's VERANDER?

### BRON 3A

Hierdie bron handel oor die geboorte van 'Bantoe-onderwys' deur die Nasionale Party regering.

Hendrik Verwoerd, die nuut aangestelde Minister van Naturellesake, het die volgende stappe geneem ...

Die eerste stap van sy Bantoe-onderwyswet was om die beheer van Swart-onderwys vanaf die provinsies te verwyder na sy eie department. Dan, deur die vermindering van staatshulp aan die sendingskole, het hy die meeste van hulle in die staatsisteem gedwing.

Sy departement het ook verantwoordelikheid aanvaar vir die indiensneming en opleiding van Swart-onderwysers. Verwoerd het gesê: 'Die Bantoe-onderwyser bedien die Bantoe-gemeenskap en sy salaris moet dienooreenkomstig vasgestel word.' Dus het 'n Swart onderwyser in 1953 net meer as 2 pond per week verdien wat verhoog is na 7 pond na 13 jaar. Die gevolg was 'n dramatiese daling in die aantal leerling-onderwysers.

Verwoerd het verduidelik dat Swartes deur verskillende standaarde gemeet moes word: 'Die skool het hy gesê,' moet die Bantoe toerus om te voldoen aan die eise wat die ekonomiese lewe aan hom sou oplê'.

[Vanuit *Illustrated History of South Africa, Readers Digest, derde uitgawe*]

### BRON 3B

Die onderstaande uittreksel deur R. Mulholland Suid-Afrika 1948-1994, is aangepas en handel oor die waarde van die werk wat deur sendingskole gedoen was.

Geen beleid van vrye en verpligte onderwys vir alle kinders het voor apartheid in Suid-Afrika bestaan nie. Dit het beteken dat die werk van die sendingskole selfs meer belangriker was en hulle het baie goeie gegradueerdes (insluitend Nelson Mandela en Oliver Tambo) geproduseer. Hierdie skole het gereeld hul eie onderwysers opgelei en is nie deur die regering gereguleer (beheer) nie. Hulle het liberale waardes geleer (gelykheid, demokrasie, regverdigheid) en alle lesse was in Engels.

Die vraag na plekke by hierdie skole het die getal beskikbare plekke oorskry. In 1953 het Verwoerd, die Minister van Onderwys, die Wet op Bantoe-onderwys ingestel. Kragtens hierdie Wet moes alle kinders in hul 'huistaal' tot die agtste jaar van die skool geleer word. Swart kinders het 'n ander leerplan ontvang as dit wat in wit skole geleer was, en alle skole, insluitend sendingskole, moes deur die regering voortgesit word.

[Vanuit R. Mulholland, *South Africa, 1948–1994*, 1997, bl. 67]

**BRON 3C**

Hierdie Wet op die Uitbreiding van Universiteite van 1959 het dit ’n kriminele oortreding gemaak vir nie-blanke studente om by ’n universiteit wat op daardie stadium ‘oop’ was, sonder skriftelike toestemming van die Minister in Interne Sake te registreer..

Dit het ook “voorsiening gemaak vir die vestiging van ’n reeks nuwe etnies-gebaseerde instellings vir Swartes, tesame met aparte universiteite vir Kleurlinge en Indiërs” (Christopher 1994:152) "Die Afrikaans-medium universiteite – Potchefstroom, Pretoria, Oranje-Vrystaat en (nadat Afrikaans ’n gevestigde taal geword het) Stellenbosch – het vanaf hul grondslag toegang tot blankes, beperk. Van die Engels-medium universiteite was Rhodes heeltemal wit en Fort Hare was in die praktyk nie-blanke, die oorblywende drie, alhoewel dit meer oop was, was glad nie veelrassig nie. Natal het nie-blankes toegelaat, maar het sy klasse volgens rasse gesegregeer. Kaapstad en Witwatersrand het studente toegelaat tot kursusse sonder inagneming van ras, maar het ’n streng kleurskeidslyn in sosiale en sportgebeurtenisse gehandhaaf”. Nuwe universiteite is in Bellville in die Wes-Kaap vir Kleurlinge, Ngoye in Zoeloeland vir Zoeloes, Durban in Natal vir Indiërs, Turfloop in Transvaal vir die Sotho-Tswana-bevolking, terwyl Fort Hare (voorheen Lovedale Mission College) beperk vir Xhosas was.

[Vanuit *nelson mandela.org/O’Malley/index.php/site/q/.* Toegang op 05 April 2018 verkry.]

**BRON 3D**

Hierdie bron toon hoe ongelyke onderwys by laerskole toegepas was op ŉ vroeë ouderdom vanaf laer primêre tot hoërskole.



[Vanuit https://hubpages.com/education/The-Miseducation-of-Africans-savage-Inequalities-in-Four-Part-Harmony. Toegang op 05 April 2018 verkry]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Baard and Schreiner, *My Spirit is Not Banned*, Part 2

https://en.org/Suez_Crisis

http://sahistory.org.za

Grundlingh A., *Book 4: Industrialisation, Rural Change and Nationalism* commissioned by The Department of Education

Deftereos R, et al, *Making History Grade 11*

Mantin. P, *Questions of evidence: The Twenty Century World*

Mcmahon. P, *Learning series*

Meredith, M, *The State of Africa – A History of fifty years of independence*

Phillips, I, *South Africa*

Sauvain Philip, *The Modern World 1914–1918*

Kopiereg voorbehou